**SONDAG 17 MEI**

**SKRIFGEDEELTE: HAGGAI 1:1-15**
**FOKUSGEDEELTE: HAGGAI 1:2-4**

**Haggai – Die Here en sy belange moet ons nommer een-prioriteit wees!**

As daar een ding is wat elkeen van ons elke dag aanvoel, is dit dat ons net te min tyd het. Gevolglik moet ons prioritiseer, maar is ons prioriteite reg?

Deur die profeet praat die Here met sy kinders oor prioriteite. Hy begin met die populêre opinie van die volk: "*Hierdie volk sê dit is nie nou die tyd om die tempel te herbou nie*.*"* Hoekom nie? Die volk wat uit ballingskap teruggekeer het, was arm, en hulle vyande het met mag en geweld hulle aanvanklike bouwerk gestop.

Wat sê die Here egter? "*Is dit nou die tyd vir julle om in pragtige huise te woon terwyl my huis in puin lê?*" Terwyl die Here se huis in puin lê, was die volk besig om hulle eie huise met allerhande luukshede te herbou! Hulle optrede het hulle prioriteite verklap. Daarom het die Here hulle gestraf (Hag. 1:5-11).

Deur Haggai (feesteling) leer die Here ons dat Hy en sy belange ons nommer een-prioriteit moet wees, *ten spyte van ons omstandighede*. Ons moet Hom verheerlik deur allereers sy koninkryk te soek, al lyk dit nie of dit nou die tyd is om aan die Here se "tempel" te bou nie (vgl. Matt. 6:33).

Die Here troos ons egter ook dat sy belange ons nommer een-prioriteit *kan* wees. Toe die volk uiteindelik die bouwerk aanpak, sê die Here vir hulle: "*Ek is by julle."* Net so is die Verbondsgod ook by ons! Hy beskerm en versorg ons. Dit doen Hy om Christus ontwil, die Een wat ten diepste "God by ons" is.

Hy het ons kom leer wat dit beteken om die Here en sy belange ons eerste prioriteit te maak. Hy het gehoorsaam in ons plek gely omdat God nie ons eerste prioriteit was nie. Deur sy Gees wat in ons woon, is Hy ook by ons, en lei Hy ons in ons prioriteite.

Waarvan getuig jou lewe? Bou jy aan jou eie huis of die huis van die Here?

*Sing: Psalm 127:1, 2 (1936)*
*Dr. AJ (Albert) Coetsee (Uitschot)*